IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 1.12 · VOL. 96 PG 4645-4695.

SAAKNOMMER: CC 482/85 | DELMAS

1986-05-28

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

96

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 96

(Bladsye 4 645 - 4 695)

COURT RESUMES 1986-05-28.

MR BIZOS: My Lord, perhaps it is a good opportunity to deal with the matter. We have a letter here from Lieutenant Burger from the prison who is in charge of the hospital in the prison, who draws attention to the fact that Mr Ramakgula, that is accused no. 9's position appears to be out of control and a special appointment has been made for him to go to hospital tomorrow morning.

COURT: Yes, that is in order, permission is granted. What is the difficulty with accused no. 3?

MR BIZOS: My Lord, he has a problem with the retina of his eye and he has been in the meantime advised to keep it out of the light so to speak, but ..

COURT: Yes, is he comfortable?

MR BIZOS: As he can be in the circumstances, but apparently some arrangements are being made for him to go to a specialist.

MNR. HANEKOM: U Edele, die getuie is Frederik Barnard Mong.

FREDERIK BARNARD MONG v.o.e.

HOF: Waaroor gaan hierdie getuie getuig, mnr. Hanekom?

MNR. HANEKOM: U Edele, dit gaan oor daad 66 in die akte van beskuldiging. Dit is bladsy 267 en volgende. Daarmee saam gaan paragraaf 27.6.5 van die nadere besonderhede. Dit is bladsy 76 en volgende. Dit gaan oor die geweld wat in die ander gebiede was, die 31 gebiede, wat gespesifeer word en hierdie getuie getuig oor Soweto.

HOF: Ja, gaan maar voort.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM: U is 'n sersant in die Suid-Afrikaanse polisie en u is gestasioneer by die Veiligheidstak in Soweto. -- Dit is korrek.

U is op die Veiligheidstak in Soweto sedert 1983. -- Dit is korrek.

Was/..

Was daar in 1984 enige skoleboikotte in Soweto? -- Dit is korrek.

Wat was die oorsaak van die boikotte? -- Die Congress of South African ...

MR BIZOS: My Lord, is that a permissible question with respect?

HOF: Het uself kennis daarvan? -- Ekskuus tog?

Het uself kennis van die oorsaak van die boikotte? -- Dit is korrek.

Hoe het u die kennis? -- Dit is deur middel van pamfletverspreiding - is die boikotte afgekondig en gepropageer.

MR BIZOS: But with respect, if the State wants to prove something through a pamphlet he must produce a pamphlet. He must not call a witness who has interpreted the pamphlet.

COURT: If it has the pamphlet.

MR BIZOS: If it has the pamphlet or it must lay a foundation that it could not reasonably obtain the pamphlet or it has not got it, but we cannot allow opinions to be expressed by a Security policeman in relation to cause and effect on matters of this nature.

HOF: Wat sê u, mnr. Hanekom? Wat is die doel van hierdie vraag?

MNR. HANEKOM: U Edele, hy gaan getuig oor die organisasie wat plaasgevind het in Soweto en dit gaan nou kom by die verskillende organisasies se organisering.

HOF: Nou, waarom hou u dit nie by feitelike vrae nie? U vra hom om 'n afleiding te maak, die afleiding synde wat die oorsaak is van die skoleboikot. Waarom gee u nie vir ons die feite nie dan kan ons ons eie afleiding maak.

MNR. HANEKOM: Ek sal die vraag dan anderste formuleer.

Sersant, was daar in Augustus 1984 'n oproep dat skole in Soweto geboikot moes word? -- Dit is korrek.

Van wie het die oproep gekom? -- Die oproep het gekom van

die Congress/..

die Congress of South African Students, COSAS.

Hulle afkorting is COSAS het u gesê? -- COSAS.

Nou, op 17 Augustus 1984 het u in Jabulani, Soweto diens verrig? -- Dit is korrek.

En u was in die omgewing van die Jabulani Tegniese Hoërskool. -- Dit is korrek.

Wat het u daar aangetref? -- Agter die Jabulani Tegniese Hoërskool - ag, Tegniese Kollege, in 'n oop stuk veld, het ek 'n aantal Swartjeugdiges aangetref ...

HOF: Net 'n oomblik, is dit 'n hoërskool of 'n kollege? -- Dit is 'n tegniese kollege.

Dit is tersiêr, dit is na hoorskool? -- Nee, dit is 'n tegniese kollege waar hulle opgelei word in die ambag soos ...

Dit is 'n ambagskool? -- Dit is 'n ambagskool.

U sê agter die hoërskool of agter die kollege? -- Agter die tegniese kollege in 'n oop stuk veld het ek op 'n aantal Swartjeugdiges afgekom waar hulle klaarblyklik besig was met 'n vergadering.

U moet asseblief baie hard praat. Ek sukkel om te hoor, die tolk is besig om te gesels terwyl u gesels. U moet die tolk 'n geleentheid gee om te tolk en dan moet u praat, want anders gaan dit - ek kan niks hoor nie. -- Reg.

Agter die kollege in die oop veld het u toe 'n aantal Swartjeugdiges gekry? -- Waar hulle klaarblyklik besig was met die hou van 'n vergadering. Met my aankoms op die toneel het die jeugdiges op die vlug geslaan en 'n aantal pamflette op die toneel agtergelaat. Ek het op van die pamflette beslag gelê en dit by Proteapolisiestasie ingehandig.

MNR. HANEKOM: Ek gaan aan u twee pamflette toon. U Edele, dit sal wees BEWYSSTUKKE AA ...

HOF: Toon eers een vir die getuie en dan die ander een dat ons

die/..

die bewysstuknommers regkry. Wat is die bewysstuknommer?

MNR. HANEKOM: AAW1.

HOF: Wat is daardie een?

MNR. HANEKOM: Die pamflet se opskrif is "Let's Reject Apartheid Education."

ASSESSOR (MNR. KRüGEL): Is daar afskrifte?

MNR. HANEKOM: Ek het afskrifte vir u. (Afskrifte word oorhandig.)

Die bewysstuk wat u nou voor u het, AAW1 ...

HOF: AAW1 is die een met die twee bladsye, nè? -- Ja, dit is ...

MNR. HANEKOM: Op die pamflet self is hy voor en agter gedruk.

HOF: O ja.

MNR. HANEKOM: Deur wie is die pamflet uitgegee? -- Die pamflet is uitgegee deur die Committee of Concern van Soweto.

Het u kennis gedra van die komitee, die Committee of Concern? -- Dit is korrek.

Watse komitee is dit? -- Dit is 'n komitee wat hom daarop toegespits het om aandag te gee aan die Swart-onderwyskrisis en dit het meestal bestaan uit lede vanuit die Soweto Civic Association.

Dan het u ook op 'n tweede pamflet by dieselfde geleentheid beslag gelê, BEWYSSTUK AAW2, U Edele. Is dit die pamflet wat u voor u het? -- Dit is korrek.

En die pamflet is uitgegee deur COSAS en AZASO. -- Dit is korrek.

Sal u net die oorspronklikes ophandig, asseblief. U Edele, kan ek hulle net merk. Ek het hulle nog nie gemerk nie.

HOF:Ek sal hulle gou merk.

MNR. HANEKOM: Op 12 September 1984 het u ook patrolliedienste verrig in Soweto en ongeveer 10h00 die oggend was u in die omgewing van die St. Hilda's Kerk in Senoane, Soweto. -- Dit is reg.

Wat het u daar opgemerk? -- Gedurende daardie - op daardie spesifieke dag het ons 'n aantal Swartjeugdiges by die kerk in Senoane, St. Hilda's Kerk, opgemerk.

Was dit buite die kerk of binne-in die kerk? -- Van die mense het buitekant die kerk gestaan by die hek en by die deur, en aangesien byeenkomste, politieke byeenkomste, op daardie stadium in die Johannesburg-landdrosdistrik verbied was, het ek en adjudant A.G. Brits wat my vergesel het besluit om ondersoek in te stel en te gaan kyk wat gaan aan by die kerk.

MR BIZOS: I am having the difficulty that Your Lordship had a short while ago, that I cannot really catch the last part of the sentence of this witness.

HOF: Ek wonder of ons die tolk nie moet vra om te wag totdat die sin klaar is voordat hy begin tolk nie, anders kan ons die sin glad nie hoor nie en die getuie moet 'n bietjie harder praat, asseblief. U moet nie lang sinne maak nie, want dan kan die tolk dit nie onthou nie.

MNR. HANEKOM: Het u toe ondersoek ingestel? -- Dit is korrek.

Wat het u aangetref? -- Binne-in die kerk self het ons 'n aantal mense aangetref waar hulle besig was om plakkate, AZASUM-plakkate, te maak.

HOF: AZASO? -- AZASUM - Azanian Students Movement. As gevolg van ons teenwoordigheid by die kerk het die mense op die vlug begin slaan en na buite gehardloop. Hulle het daarop ons voertuig wat buitekant die kerk gestaan het, met klippe begin stook. Ek en adjudant Brits was op daardie stadium tussen ons voertuig en die jeugdiges met die gevolg dat ons ook onder die klippe gesteek is en beserings tydens die geleentheid opgedoen het. Twee van die persone teenwoordig, jeugdiges teenwoordig, by die kerk is deur my herken as Thami Mcerwa en Stanley Sigotjane.

MNR. HANEKOM: Is hulle aan u bekend? -- Hulle is aan my bekend as

gevolg/..

gevolg van hulle bedrywighede in die organisasie AZASUM aangesien Thami Mcerwa op daardie stadium die president van AZASUM was.

Het u op enige van die plakkate wat gemaak is beslag gelê? -- Daar is op van die plakkate beslag gelê.

Is die plakkate nog beskikbaar vandag? -- Die plakkate is in so 'n toestand dat 'n mens basies niks kan uitmaak wat daar is nie.

HOF: Is dit opgeëet deur die motte of natgereën? -- Nee, dit is as gevolg van ink wat die mense gebruik het om die plakkate te maak wat oor die goed uitgeval het.

Op daardie geleentheid toe hulle weggehardloop het? -- Op daardie geleentheid toe hulle weggehardloop het.

MNR. HANEKOM: Het u arrestasies uitgevoer op .. -- Daar is op daardie stadium drie Swartvrouens en 'n Swartman gearresteer wat by Protea-polisieselle aangehou was.

Op 3 Oktober 1984 het u diens gedoen by die Methodist Youth Centre in Jabavu, Soweto. -- Dit is korrek.

Wat het daar plaasgevind die dag? -- Daar was op daardie stadium 'n COSAS-vergadering in die saal. Met die uitkom van die vergadering om ongeveer tien - tussen 10h00 en 11h00 die oggend, het die jeugdiges wat die vergadering bygewoon het na 'n skool oorkant die sentrum beweeg, Tulare Skool, die skoolverrigtinge al daar ontwrig en die mense van die skoolterrein afgejaag.

Is dit die skoliere wat weggejaag is? -- Die skoliere is weggejaag. Van die skoliere het by die groep COSAS-lede aangesluit en van hulle het huis toe gegaan. Die groep het toe omtrent 600 meter - tussen ses en 700 meter verder nadie Morris Isaacson Skool beweeg.

Is dit 'n hoërskool of 'n laerskool? -- Dit is 'n hoërskool.

Wat het daar plaasgevind? -- Met die beweeg na die Morris Isaacson Skool is plakkate getoon en slagspreuke geskreeu en gesing.

Kon u/..

Kon u sien wat op die plakkate geskryf was? -- Ons was op daardie stadium 'n redelike ent van die groep af gewees om onsself nie in gevaar te stel nie en ek kon nie sien wat daarop geskryf gestaan het nie.

Kon u hoor watse slagspreuke geskree is? -- Ek kon nie hoor watse slagspreuke geskree is nie, maar ek kon hoor dat daar gesing en geskree word.

Wat het by die skool gebeur? -- By die Morris Isaacson het die groep teenstand gekry, die hekke was gesluit van die skool, by Morris Isaacson, en 'n oor en weer klipgooiery het tussen die COSAS-groep en die skoliere van Morris Isaacson plaasgevind. Ons het die onluste-eenheid ontbied en dertien van die oorspronklike COSAS-groep is gearresteer.

Op 9 Oktober 1984 het u diens verrig in Moroka, Soweto. -- Dit is korrek.

Wat het u daar aangetref? -- Tydens my patrolliediens het ek gemerk dat pamflette in die strate rondgelê het. Ek het van die pamflette opgetel en gesien dat dit uitgereik is deur AZASUM.

Ek toon aan u 'n pamflet, BEWYSSTUK AAW3. Is dit die pamflet ...

HOF: Net so 'n oomblik. Ons gaan nou so baie pamflette kry, ek moet hulle darem net lees ook. Ja?

MNR. HANEKOM: Die pamflet wat u voor u het wat ek gemerk het AAW3, is dit een van die pamflette wat u opgetel het? -- Dit is korrek.

Sal u die oorspronklike net ophandig, asseblief.

Hoeveel van die pamflette het in die straat rondgelê, BEWYSSTUK AAW3? -- Die pamflette het in die strate rondgelê.

HOF: Was daar baie? -- Daar was redelik baie.

MNR. HANEKOM: Op 30 November 1984 het u patrolliediens gekry in Senoane, Soweto. -- Dit is korrek.

Wat het/..

Wat het u daar aangetref? -- Ek het 'n Swartman, ongeveer 30 jaar oud, onbekend aan my, opgemerk wat 'n pamflet staan en lees. Aangesien die situasie van so 'n aard was dat baie vergaderings op daardie stadium gehou is, het ek die man versoek om die pamflet aan my te toon en ek het gesien dat dit deur die Soweto Parents' Committee uitgereik is wat 'n beroep doen op ouers om 'n vergadering in die Rooms-Katolieke Kerk in Phiri by te woon.

HOF: Waar is die Rooms-Katolieke Kerk? -- Die Rooms-Katolieke Kerk in Phiri, Scweto.

Ja? -- Ek het toe beslag gelê op die pamflet.

MNR. HANEKOM: Ek toon aan u 'n pamflet, BEWYSSTUK AAW4. U Edele, die afskrif is ongelukkig swak, maar die oorspronklike sal u sien se gehalte is ook swak. Die komitee wat die pamflet uitgegee het, Soweto Parents' Committee, het u kennis gedra van so 'n komitee? -- Ek het wel kennis gedra van so 'n komitee. Hierdie komitee het basies die komitee waarvan ons vroeër gepraat het, die Soweto Concern Committee, vervang met die doel om te kyk na die Swart-onderwyskwessie.

Sal u net die oorspronklike ophandig, asseblief.

Ons gaan net in tyd so 'n bietjie terug na 26 September 1984. Is daar 'n begrafnis gehou in Soweto van ene Bongane Khumalo. -- Dit is korrek.

Was die persoon in lewe aan u bekend? -- Hy was aan my bekend.

Was hy verbonde aan enige organisasie? -- Hy was die sekretaris van die COSAS-tak in Soweto.

Het u observasiedienste verrig by die begrafnis? -- Dit is korrek.

In watter kerk is die diens gehou? -- Die diens is in Regina Mundi Kerk, Soweto gehou.

Waar is die oorledene begrawe, in watter begraafplaas? -- Die oorledene is ter aarde bestel in die Avalon-begraafplaas.

Dit is/..

Dit is nog in Soweto? -- Dit is in Soweto.

Was daar baie mense by die begrafnis? -- Daar was redelik baie.

Was van die begrafnisgangers ...

HOF: Net 'n oomblik. As u praat van redelik baie, praat u van tiene, honderde of duisend? -- Daar was - ek sou skat omtrent so 1 500 mense.

MNR. HANEKOM: Was van die begrafnisgangers geklee in opmerklike klere? -- Dit is korrek.

Wat was dit? -- Van die jeugdiges asook ander begrafnisgangers was beklee in COSAS, SOYCO ..

Net voordat u aangaan, waarvoor staan SOYCO? -- SOYCO staan vir die Soweto Youth Congress. Daar was ook mense wat geklee was in "Release Mandela Committee" RMC-T-hemde, die United Democratic Front, die UDF-T-hemde, SAAWU, South African Allied Workers' Union.

Wat het na die begrafnis gebeur? (Tussenbeide)

HOF: Was dit nou broeke, hoede? -- Dit was T-hemde.

T-hemde? -- T-hemde.

Of reënjasse.

MNR. HANEKOM: Wat het net na die begrafnis gebeur? Was daar enige probleme in die gebied? -- Na die begrafnis het redelike voorvalle van onrus voorgekom waar karre aan die brand gesteek is, busse voorgekeer is en aan die brand gesteek is.

HOF: Dit is karre en wat is aan die brand gesteek? -- Karre, busse.

MNR. HANEKOM: Was daar enige klipgooiery? -- Daar was redelike voorvalle van klipgooiery ook.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL): Het u gesê lelike voorvalle of redelike voorvalle? -- Redelike voorvalle.

HOF: Redelik? -- Redelik.

Maar 'n klipgooiery kan nie redelik wees nie, dit is altyd onredelik. -- Maar daar was redelik baie.

O, redelik/..

O, redelik baie.

MNR. HANEKOM: Het u gesien of daar video-opnames gemaak was van hierdie begrafnis? -- Dit is korrek, daar was video-opnames gemaak.

Deur wie? Deur die polisie of deur wie? -- Daar was deur 'n Duitse televisiespan opnames gemaak.

HOF: Van die begrafnis self of van die voorvalle na die begrafnis of albei? -- Van albei.

MNR. HANEKOM: Het u later dieselfde dag van die videospanne weer gesien by die Protea-polisiestasie? -- Dit is korrek.

HOF: Hoeveel spanne was daar? -- Een van die spanne het ek gesien.

Nee, maar by die begrafnis, was daar 'n Duitse televisiespan of was daar meer as een Duitse televisiespan? -- Daar was 'n Duitse televisiespan.

Een span van mense wat .. -- Wat ek spesifiek geïdentifiseer het.

Het u 'n ander span of van die mense uit daardie span gesien later? -- Dit is korrek.

Van die mense uit die span? -- Uit daardie span, die spesifieke span.

MNR. HANEKOM: Is daar in u teenwoordigheid by Protea-polisiestasie op van die videobande van die mense beslag gelê? -- Dit is korrek.

U Edele, met verlof van die Hof wil ek 'n videoband voorspeel. Dit gaan nie 'n lang band wees nie.

HOF: U het 'n operateur wat nie 'n amateur is nie?

MNR. HANEKOM: Dit is so.

HOF: Ja?

MNR. HANEKOM: U Edele, ek gaan met verlof van die Hof 'n videokasset voorspeel, dit is 'n VHS met 'n plakkertjie agterop die band waarop staan "Begrafnis Regina Mundi 1984-09-26 Duitse

TV-diens/..

TV-diens." U Edele, dit sal BEWYSSTUK 30 wees. U Edele, ons het 'n transkripsie daarvan. Dit sal wees BEWYSSTUK V26. Ek handig die transkripsies op.

HOF: Die transkripsie word 'n nuwe bewysstuk?

MNR. HANEKOM: Ja, V26.

HOF: Ons moet net op rekord stel dat hierdie band in 'n houer is, maar dat band en houer nie in 'n verseëlde koevert is soos die vorige wat deur mnr. Jacobs in die Hof geproduseer is nie.

MNR. HANEKOM: Dit is korrek. U Edele, mag ek die rooi pen kry om ..

HOF: Ja, seker. Ons het 'n BEWYSSTUK V26, mnr. Hanekom, wat blykbaar die United Democratic Front Conference is, as die merk hierop korrek is.

MR BIZOS: Yes, we too have been given up to 31, up to V31.

HOF: Ja, ons het 'n V26. Het ons 'n V30?

MNR. BIZOS: Ek het tot 31.

HOF: En ons het self tot?

ASSESSOR (MNR. KRüGEL): Ons het self tot 27 - tot 26.

HOF: Tot 26. Ons moet net die nommering regkry, mnr. Hanekom. Ons mag nie hier 'n fout maak nie.

MNR. HANEKOM: Kan ons dan hierdie V32 maak?

MR BIZOS: No, My Lord, I am being correct. I thought that I had seen up to 31, but I am corrected, it is only up to 26. I relied on my memory. I am almost certain that I saw up to V31.

COURT: Well, the Court has not got V27 yet, so let us make it V27.

MNR. HANEKOM: U Edele, die reeks voor 27 is transkripsies wat waarskynlik nog ingehandig sal word. Ons kan hierdie V27 maak.

Sersant, ons gaan dan nou hierdie videoband vertoon. As u op die band enigiets sien wat u kan identifiseer of uitwys, sal u net die operateur vra om te stop en die Hof se aandag daarop vestig. -- Ek sal.

MR BIZOS: My Lord, I would like to place two matters on record.

Firstly/..

Firstly in relation to the admissibility of this video, we reserve rights to make submissions to Your Lordship in due course. We do not intend asking Your Lordship not to see it at this stage, but we reserve .. The other is this that I can only appeal to My Learned Friends through Your Lordship, and that is that there are 31 areas. What I am appealing to My Learned Friends through Your Lordship is this, that we should be given reasonable notice as to which area the State is going to deal with. Different people in our team have investigated the different areas. We have had no notice that we would do Soweto today. We are as anxious as (10) Your Lordship is and I would like to believe My Learned Friends, that we should not ask for time to prepare for cross-examination, but I would appeal that reasonable notice be given to us as to which area we are going to deal with from time to time.

HOF: Mnr. Hanekom, dit moet u darem seker doen, want anderste is die verkeerde man hier in die hof om mnr. Bizos by te staan, hy het nie daaroor gedink nie en die saak moet afstaan en dit is die laaste ding wat ek wil hê.

MNR. HANEKOM: Soos die Hof behaag.

HOF: U moet dit asseblief in die vervolg doen en hom nou (20) kennis gee van wat u van plan is om môre te doen. Ek kan begryp dat dinge deurmekaarloop en dat 'n getuie nie kom nie en dat iemand anders ingegooi word, dit gaan maar so, maar binne redelike perke moet daar tog kennis gegee word.

MNR. HANEKOM: Soos die Hof behaag, ek het onderneem vanoggend om dit te doen.

HOF: Goed, gaan voort. Ons is nou by die video. Kan ons net hoor by u, mnr. die Operateur, op watter tipe masjien speel u die video?

OPERATEUR: JVC, HR/D120ES. (30)

HOF: En werk die masjien ook met 'n nommersisteem en begin ons by 0?

OPERATEUR/..

OPERATEUR: Dit is reg.

HOF: Nou by die vorige videos, meneer, het ons dit so gedoen dat wanneer daar iets is wat u aan die Hof wil aanwys u dit onmiddellik doen, vir die operateur sê dat hy moet stop en dan sê. U moet my net 'n geleentheid gee om die nommer op rekord te plaas waar ons dan is. U moet nie wag tot die hele ding deurgespeel is en my dan weer dit laat kyk nie.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 22. Ja, nou kan u praat. -- Ek herken dit as die binnekant van Regina Mundi-saal.

Dit is die kerk self? -- Dit is korrek.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 25. -- Die Swartdame wat hulle nou net daar gewys het ...

Sit net die beeld dat hy stilstaan, asseblief. Daardie een? -- Daardie een.

Die een met die geel hemp, UDF-hemp, en die swart baret. -- Dit is 'n UDF-T-hemp.

(Videoband word gespeel - stop.)

MR BIZOS: My Lord, could I, in view of certain other evidence that has been given, perhaps it is time to draw Your Lordship's attention to the percentage of the UDF shirts. I would say that it appears, on what we have seen up to now, about 2%. Perhaps every time we show a UDF shirt from now on, I would appeal that we also count those that haven't got UDF shirts on.

COURT: If you do the counting, Mr Bizos. It is noted. Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 83.

MNR. HANEKOM: Dit het onder my aandag gekom dat die videostel by die beskuldigdes nie werk nie.

HOF: Kan ons net 'n bietjie aandag daaraan gee, asseblief. (Aandag word aan die videostel gegee - in orde.) (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 165. -- Die Swartvrouens wat hierso regs onder staan en gesels, die drie bymekaar, die een heel links is

Amanda Kwadi/..

Amanda Kwadi.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 206. -- Die man aan die regterkant van die priester met die geel hemp is Oupa Monareng.

MNR. HANEKOM: Weet u of hy aan enige organisasie verbonde is? -- Hy was op daardie stadium 'n lid van SOYCO.

HOF: Die priester, ken u hom? -- Negatief.

Die geel T-hemp van Monareng, watter soort is dit? -- Dit is 'n SOYCO "T shirt".

MR BIZOS: My Lord, could we note that there were apparently at least two or three interruptions in the tape that we have so far played.

COURT: Well, at least before he starts his first words one does not hear. That is clear, so there is an interruption there.

MR BIZOS: Yes, but before that, My Lord, also there appears to be a complete change of scene rather than ...

COURT: Well, when you get to the priest there seems to be a complete change of scene, including an interruption.

MR BIZOS: Yes, and before that I think we have about two, but I do not ...

COURT: Maybe, I cannot recall it but I think we can take it for granted that there will be more. Well, let us just make a note then where they are, Mr Bizos.

MR BIZOS: I did not make a note, My Lord, but they were obvious ..

COURT: Next time we have one that is not on the transcript you must stop us, please. We can make a note that there is an interruption here where Reverend Mkwane starts.

Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.)

MR BIZOS: My Lord, could we have some clarity. Is the witness suggesting that he was in church whilst these things were happening?

COURT/..

COURT: It does not seem so.

MR BIZOS: Well then perhaps it is a fact that ought to be recorded at this stage or at possibly an earlier stage.

HOF: Was u in die kerk? -- Nee, ek was nie in die kerk nie.

Where the words are "band ontbreek" in the transcript it should read "band onderbreek" then it would be clearer.

Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nommer? -- Op die agtergrond is COSAS-plakkate of baniere.

Nr. 288. Herhaal wat u gesê het. -- Op die agtergrond is COSAS-baniere.

Ja, gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 365. -- Die man links in beeld is dr. Motlana.

MNR. HANEKOM: Aan watter organisasie is hy verbonde, was hy verbonde op daardie stadium? -- Hy was op daardie stadium betrokke by die Soweto Civic Association.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 379 -- Die mense in die ry wat sit, die tweede een van links, is eerwaarde Frank Chikane. Hy dien op die Transvaalse bestuur van die United Democratic Front.

(Videoband word gespeel - stop.)

HOF: Het u daardie T-hempies gesien met die name op? Wat is daarop geskryf? -- Dit is T-hempies wat gedruk is deur die Congress of South African Students ter ere van ..

Van die oorledene? -- Dit is reg.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL): U sien dat daar op staan "Hamba kahle Comrade " en dan is die man se foto daarop. -- Dit is korrek.

HOF: Speel dit net 'n bietjie terug. (Videoband word teruggespeel - stop.) -- Die foto wat daarop is, is inderdaad die foto van ..

Dit is die foto van die oorledene? -- Van die oorledene.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL): En daar staan "Hamba kahle."

HOF/..

HOF: Nr. 425. "Hamba kahle Comrade" en dan die foto en dan staan daar Bongane Khumalo onder.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 438.

MR BIZOS: My Lord, the singing appears to be done by a small group who are standing and that it would appear that many ..

COURT: It does not appear to be a small group we have here, Mr Bizos. It seems to me they are all standing, except the one in front here.

MR BIZOS: No, if Your Lordship has a look at the - just before and just after I think that ...

COURT: Certainly. Speel weer oor (Videoband word gespeel - stop.)

MR BIZOS: As Your Lordship sees on the left-hand side there - my left-hand side - it appeared that the audience behind them was seated.

HOF: Doen dit weer oor. Daar was 'n paar wat gesit het. (Videoband word weer gespeel - stop.)

MR BIZOS: There, My Lord. Your Lordship actually sees the whole perspective of the audience is seated.

COURT: Are you saying that the people behind the men in the white shirts are seated?

MR BIZOS: My Lord, I could actually see quite deep in, almost right to the corner, the audience as a whole seated.

COURT: It is not clear to me, Mr Bizos, but anyway, play on and we can see. Maybe you are right. Speel hom verder dat ek net kyk wat agterna kom. (Videoband word gespeel - stop.)

Wat sê u, mnr. Hanekom? Stem u saam met mnr. Bizos?

MNR. HANEKOM: U Edele, daar is mense wat sit, maar die meerderheid staan.

MR BIZOS: We do not accept that, but Your Lordship will have to decide.

COURT: Anyway, it can be sorted out later. I am not going to

decide/..

decide what percentage is standing and what percentage is sitting.

Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 493. -- As ons na die lied wat nou gesing word luister dan kan ons hoor dat die mense sing die lied genaamd "Hamba Kahle Umkhonto" wat verwys na die militêre vleuel van die ANC Umkhonto we Sizwe.

(Videoband word gespeel - stop.)

Would you say that virtually the whole church is standing up singing this song, Mr Bizos or not?

MR BIZOS: Well, could I see how many are now going to sit down, My Lord, because I think that that would be a fairly clear indication.

HOF: Goed. Gaan net 'n bietjie aan. (Videoband word gespeel - stop.)

MR BIZOS: Yes, I would agree with that.

COURT: No. 531. (Video tape is played - stop.) There was an interruption here somewhere, but where are we now on the transcript?

MR BIZOS: I think that we would be at approximately "Amandla x 2" at the bottom of page 3.

COURT: Yes, it is not indicated that there is an interruption here, but have we had all these vivas now? Not yet?

MR BIZOS: No, I think we are about to have them.

COURT: Well, make a note that somewhere here there is another interruption.

Nr. 539. Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.)Nr. 561.

MNR. HANEKOM: Die man wat daar op die voorgrond sing met die pet op, kan u sien watse T-hempie hy aan het?

HOF: Speel hom net 'n bietjie heen en weer. (Videoband word gespeel tot op regte plek - stop.) -- Dit is 'n Release Mandela Committee, RMC, "T shirt".

Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 577. -- Dit is die oorledene se ma wat daar in die middel sit.

MR BIZOS/..

MR BIZOS: My Lord - well, perhaps we should finish with this, but I would ask to just go back a little. I would like to - I did not hear some of the things that are on the transcript. I do not know if Your Lordship ...

COURT: How far do you want to go back, Mr Bizos?

MR BIZOS: After the "mayamuye".

COURT: That is up to the "siyayas" or beyond that.

MR BIZOS: It is "injury to all" "Mayamuye" after that, bottom of page 10.

HOF: Goed, gaan terug. (Videoband word gespeel tot op regte plek.) (Video word verder gespeel - stop.)

MR BIZOS: My Lord, did Your Lordship hear African National Congress?

ASSESSOR (MR KRüGEL): Yes.

COURT: It seems so.

MR BIZOS: It is not clear to me.

COURT: Play it again, speel net weer. I was not entirely certain. (Video tape is played - stop.) Yes, the National Congress I heard. What did you hear there?

MR BIZOS: I have certainly heard congress, but it is the only word that I hear clearly.

COURT: The African was not clear. It was a bit mixed up. The National Congress I heard.

MR BIZOS: Well, we can query it, My Lord.

COURT: Yes, you can listen to it again. Make a question-mark there. Nr. 527.

(Video tape is played - stop.)

MR BIZOS: And My Lord there is no picture showing who is actually calling the slogans out.

COURT: Yes. No. 534. Dit word op rekord geplaas dat by 534, dit is op die transkripsie onderaan bladsy 3, die leier nie

sigbaar/..

sigbaar is nie.

MR BIZOS: Well, perhaps, My Lord, "leier" may be the person because it is clear that ...

COURT: "Leier" means the person who shouts the - the cheerleader. That is the person who shouts the slogan and then the audience answers. --

MR BIZOS: Yes. Earlier on one was visible, but there is no clarity as to whether he continued right through. That is really the ...

COURT: Yes? (Video tape is played - stop.)

Nr. 563, en waar is ons nou op die transkripsie?

MNR. HANEKOM: U Edele, dit is in die middel van bladsy 4, agter die man wat slagspreuke skree.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL): Daar is die AK47.

MR BIZOS: Twelve lines from the top of page 4 "en banier kom .."

HOF: "Banier met die AK47".

MR BIZOS: No, it is before that.

HOF: Wel, daar is die banier met die AK47.

MR BIZOS: No, that is noted a little bit further down and merely saying that we are a little early on the transcript.

COURT: I see. Where are we now?

MR BIZOS: "En banier kom in sig met agtergrond met swart letters 'COSAS says we shall fight on'".

HOF: Wag 'n bietjie. Wil u nog 'n vraag vra?

MNR. HANEKOM: Nee, U Edele, ek wil net u aandag verstig op daardie banier.

HOF: Goed, gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr 647.

MNR. HANEKOM: Dit is nie presies die plek waar ons gestop het nie. Daar was 'n man met 'n AZASO T-hempie duidelik sigbaar. (Video word gespeel tot op regte plek - stop.) Die persoon wat op die voorgrond buk met die geel T-hemp aan ...

HOF/...

HOF: Nr. 641 is ons nou by.

MNR. HANEKOM: Die man op die voorgrond met die geel T-hemp aan, is dit duidelik 'n AZASO-T-hemp? -- Dit is korrek.

Het u die dag by die begrafnisstoet meer mense met die T-hemp aan gesien? -- Ja, daar was meer mense.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 719. -- Daar is 'n plakker van die Release Mandela Committee.

HOF: Op die pet? -- Op die pet van daardie man.

Ja, gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Toe hy nou onderbreek was, watter nommer is dit? Nr. 772. Waar is ons nou met die onderbreking? Seker hier by ...

MNR. HANEKOM: Onder op bladsy 5.

HOF: "Band ontbreek", 772. Ja, gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Dit begin by 774 en dit is by "in die kerk word gesing" op die transkripsie. Ja, gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 785. -- Die banier heel links is 'n SOYCO-banier.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 805. Gaan net so 'n bietjie terug. (Videoband word teruggespeel - stop.) Nr. 803.

K299 (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 812. -- Hier bo in die middel is 'n AZASO-banier. Dit is die gele.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 829. -- Dit is die buitekant van Regina Mundi.

Is dit buite in die straat? -- Dit is reg.

Of in 'n terrein? -- In die terrein self nog.

MNR. HANEKOM: Het u die toneel wat nou op die skerm is self waargeneem die dag? -- Ons het dit self ook waargeneem.

(Videoband word gespeel - stop.)

MR. BIZOS: My Lord, just what we have seen here ...

COURT: Do you want to go back a bit?

MR BIZOS: A bit, yes.

COURT: Up to what scene?

MR BIZOS: My Lord, if I am correct that we are to start under Tina Bonkhoto "ons van die spies." Are we there?

COURT: I do not think so. I think we are at the "isibam, isibam, isibambam", where they are singing this. It is under "delete." No. 862

MR BIZOS: I will reserve what I ...

COURT: Yes, will you stop us quickly, please.

Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.)

MR BIZOS: Could we stop there. In view of the comment that is made further on ...

COURT: Do you want to stop right here?

MR BIZOS: There, My Lord.

COURT: Just here?

MR BIZOS: Yes.

COURT: No. 864.

MR BIZOS: My Lord, I do not see any recognisable COSAS shirts.

COURT: I do not see any yellow shirts at all. Are the COSAS shirts yellow or white? I cannot remember.

MR BIZOS: They are white, but we have some other sort of legend in the transcript, but there is no recognisable COSAS ...

ASSESSOR (MR KRÜGEL): We are not there yet. Mr

MR BIZOS: No, no, no, as we see the group here, My Lord, because we have a very good size of the group outside the church.

COURT: Just remind me, does the COSAS shirt have something on the back of it as well?

MR BIZOS: Yes, My Lord, it has ...

COURT: Because we are seeing most people from behind ...

MR BIZOS: But Your Lordship will see that we also see a lot from the front as soon as they move beyond the fence, but COSAS shirts are hardly visible at all in this - apparently hundreds of people.

COURT/..

COURT: Well, it is very difficult to say, Mr Bizos, but at the moment I do not see any COSAS shirts, you are quite right.

(Video tape is played - stop.) Nr. 871 is daar ŉ onderbreking. Speel voort tot ons weer ŉ beeld het. Nr 881. Hier begin die beeld weer met ŉ banier van COSAS op, ŉ groot banier van COSAS.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 896.

MR BIZOS: Again we have dozens of people facing us and there are no COSAS shirts visible.

MNR. HANEKOM: U Edele, as ons net ŉ bietjie teruggaan, daar is baie COSAS ...

HOF: Speel net ŉ bietjie terug. (Videoband word teruggespeel - stop.)

MR BIZOS: There are approximately eight people in this group with shirts which have the deceased's picture on and not COSAS shirts. There are shirts which have the deceased's picture on.

COURT: That is correct.

Verwys u na daardie met die foto op?

MNR. HANEKOM: U Edele, regs voor, heel regs voor is een wat COSAS duidelik op het, dan die getuie het gesê dié met die foto op is deur COSAS uitgereik.

MR BIZOS: Well, let us come to that. Let us describe them that there is one yellow shirt by a person with his back to us ..

HOF: Nommer presies, waar is u nou presies. 891. We must remember that these pictures change all the time. Now we are at 891. Yes?

MR BIZOS: We see one person with a yellow shirt with nothing written at the back and we see ...

COURT: One, two, three yellow shirts behind him.

MR BIZOS: Yes, one to the right, yes, and one to the further right which appears to be a different colour of yellow, a mustard

sort/..

sort of colour, also with nothing on them that is visible.

COURT: And the chap right in the right-hand corner, what shirt is he wearing?

MR BIZOS: I hear My Learned Friends ...

COURT: The right-hand bottom corner.

MR BIZOS: The one in the middle is a yellow shirt ...

COURT: No, no, the one to the right, the white shirt in the corner, right-hand bottom corner of the picture now.

MR BIZOS: Oh, the one facing sort of out of the picture.

COURT: Yes. What is he wearing?

MR BIZOS: That is probably a COSAS shirt although it is not clear, but what is clear in the middle of the picture ...

COURT: In the middle we see four pictures on shirts, then there is one in between the two, behind the man with the hat - what shirt is he wearing?

MR BIZOS: I do not know which one Your Lordship .. -- Dit is 'n COSAS ...

COURT: There is a man with a hat on. Wat is dit? -- Dit is 'n COSAS-T-hemp.

MR BIZOS: Yes, I see that.

COURT: Anyway, the rest one cannot see what they are wearing because you just see heads and not shirts.

MR BIZOS: Yes - no, but there is a considerable number of people with white shirts with the deceased's picture on them.

COURT: That is so.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 957. Het u hierdie waargeneem? -- Dit is reg.

Kon u die lied hoor? -- Nee, ons was 'n redelike afstand van daar af, maar ons het die opmars wel waargeneem.

Ken u hierdie lied? -- Negatief.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 967.

MNR. HANEKOM: Net om duidelikheid te kry, die teerpad wat nou in beeld is, watter pad is dit? -- Dit is ou Potchefstroompad wat van die kerk in die rigting van die begraafplaas loop, voor Marokka-polisiestasie verby.

Hoe ver is die kerk ongeveer van die begraafplaas af? -- Ek sou sê plus-minus 5 kilometer.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 982.

MR BIZOS: Could we go back just a bit? You will note that there appear to be certain persons purporting to act as marshals and that they have no distinctive dress.

HOF: Stem u saam? Dit het nie vir my voorgekom of hulle enige besondere klere aangehad het nie.

MNR. HANEKOM: Nee, U Edele.

MR BIZOS: And the other, My Lord, that there appeared to be, it was a fleeting glance that I had, that there was almost a column or a crocodile of young children. I do not know whether Your Lordship noticed it.

COURT: Going where?

MR BIZOS: As part of the procession. There seem to be a crocodile of young children at ..

COURT: I did not see that. We can go a bit back. Gaan net 'n bietjie terug. (Videoband word teruggespeel - stop.)

MR BIZOS: That is what I was referring to.

COURT: Oh, those are the marshals attempting to keep the crowd bunched togeter it seems, holding hands.

MR BIZOS: Those are the ones on the right-hand side.

COURT: No, all along. It seems to me that they are marshals holding hands to block the crowd, to bunch them behind the banners all together.

MR BIZOS: Yes, I thought - the other, whilst se have seen this ...

COURT: No. 976.

MR BIZOS: I would ask Your Lordship to estimate the age group of this whole group of people. I would submit, with respect, that there are certainly no adults in the strict sense of the word, that there are people in their, at most, their late teens or very early twenties in the main.

COURT: In the main under 25 I would say.

MR BIZOS: I would agree with that, there appear to be no adults at all, no adults in over 25 sense.

COURT: Not that I have seen, but I was not looking for them. Wat sê u, mnr. Hanekom? Dit lyk of dit merendeels jeugdiges is.

MNR. HANEKOM: Ja. In die omgewing soos U Edele gesê het onder 25.

HOF: Ja, maar dit kan ver af gaan ook. Daar was 'n hele paar heel kleintjies ook by wat daar by die hek uitgekom het toe hulle uit die kerkperseel uitgekom het - was daar kleintjies.

MNR. HANEKOM: Dit is so.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 998.

MR BIZOS: My Lord, I am asking Your Lordship to take particular notice of the sort of age group ..

COURT: Well, here I do not see any very small ones.

MR BIZOS: Except for the one. That is not what I was going to say. What I am going to - well, Your Lordship does not know why I am saying this and perhaps I better disclose to Your Lordship so that Your Lordship can look at it from that point of view. The evidence will be that a young group of people actually took over this funeral.

COURT: The funeral.

MR BIZOS: And that Dr Motlana was refused permission to speak in the church.

COURT: I see.

MR BIZOS: So that Your Lordship knows. After all, this is being shown in order to prove a conspiracy in which people were involved. I mention the Dr Motlana incident as what our contention is so that Your Lordship can view it from that point of view.

COURT: Well, I was just about to remark that I find it amazing that these people could run at this pace and not entire outrun the cortège.

MR BIZOS: Yes. Well, they are young and fit.

COURT: Yes, but how do they keep up, how does the coffin keep up with these running people? Aren't they outrunning the coffin?

MR BIZOS: They are and they are probably - they mark time at a given stage, but what we will ask Your Lordship to take into consideration is that a young person had been shot dead, they became excited and they took over the situation.

MNR. HANEKOM: U Edele, net voordat hy aangaan, mag ons die getuie wat op die toneel was se kommentaar daarop ...

HOF: Ek dink dit is belangriker as myne en mnr. Bizos s'n.

MNR. HANEKOM: U Edele, net omdat hy op die toneel was.

HOF: Ja, as hy daar is.

MNR. HANEKOM: Het u hierdie toneel wat ons nou sien, waargeneem het .. -- Die toneel het ons waargeneem. Dit is wel so dat baie jeugdiges teenwoordig was hierso.

HOF: Wat sê u wat het nou hier gebeur wat ek nou hier oor gestaan en wonder het? Het die kis dieselfde spoed gehandhaaf as hierdie hardlopers of het hulle weggehardloop vir die kis, indien wel, waarom? Wat is die indruk wat u gekry het? -- U sal sien dat die kis min of meer waar die baniere is waar ons hulle nou kan sien, die kis min of meer daar is waar hy gedra word deur mense.

En beweeg die baniere so vinnig soos die hardlopers? -- Hulle hardloop saam.

O, die/..

O, die baniere hardloop ook en die kis hardloop ook saam? -- Dit is reg. U sal sien hulle wissel hom op 'n stadium, wissel hulle draers.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 997.

MNR. HANEKOM: Ken u die persoon met die groen sweetpak wat nou eintlik amper weer van die beeld af is, met die rooi streep oor die bors? -- Dit is Sephiwe Tose.

HOF: Wie is hy? -- Hy is 'n ondersteuner en lid van SOYCO, die Soweto Youth Congress.

Wat ons nou sien, is hy een van die voorhardlopers? -- Hy is een van die voorhardlopers. Ek kan net meld dat hy in die omgewing van - ek skat sy ouderdom diep in die dertig.

MR BIZOS: Would you play it back a little, My Lord.

COURT: Yes. How far do you want it back.

MR BIZOS: Just a little while in order to get a clearer view of .. (Video tape is played back - stop.)

COURT: Now he is out of the picture. You wanted to see him again?

MR BIZOS: I did not, My Lord, the accused wanted to see him, but I think it has been played back.

HOF: Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Waar is ons nou op die transkripsie?

MR BIZOS: At the bottom of page 6, three lines from the bottom.

HOF: Dit is Sephiwe en nie Sophiwe nie. -- Sephiwe.

MNR. HANEKOM: U Edele, kan ek net vra dat dit genotuleer word hoe hierdie persoon se gedrag op hierdie stadium is, hoe hy voorhardloop en ...

HOF: Nou, hoe sê u wat moet ek notuleer?

MNR. HANEKOM: U Edele, die toneel wat nou kom sal u sien hoe hy voor die skare uithardloop.

HOF: Wel, hy is in die voorste ry het ek gesien van die hardlopers.

MNR. HANEKOM/..

MNR. HANEKOM: Dit is so.

HOF: Gaan voort. (Video word gespeel - stop.)

MNR. HANEKOM: Dit lyk asof hy voor hardloop en die voorhoede eintlik lei, eintlik beheer daar voor het.

HOF: Nr. 999. Ja, die persoon wat aangewys is as Sephiwe Tose steek hier sy hand uit in wat voorkom 'n poging om die voorhoede te beheer.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL): En dit lyk vir my hy slaag.

HOF VERDAAG VIR TEE. HOF HERVAT.

FREDERIK BARNARD MONG (Nog onder eed)

HOF: Ons was by 999. Ons gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1027.

MNR. HANEKOM: U Edele, kan ons notuleer dat terwyl Tose steeds voorhardloop is die eerste ry wat voorhardloop en hande vashou is almal persone met die T-hempie met die oorledene se gesig op. Dit lyk vir my die hele eerste ry.

HOF: Ja, daar mag 'n uitsondering van een of twee wees, maar verreweg die meerderheid het T-hempies aan met die foto op van die oorledene, die prent van die oorledene op en dit hier duidelik blyk dat die persoon Tose is soos wat aangewys is as Tose Sephiwe, die leier is.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1032. -- As ons luister na die slagspreuke wat hulle nou daar skree sal ons hoor dat hulle verwys na Oliver Tambo.

Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1048. -- Dit is die posisie wat ons gestaan het tydens die begrafnis.

Het u daar by die skool gestaan? -- Ons het daar by die - dit is Marokka-polisiestasie.

O, is dit Marokka-polisiestasie, en was u daar? -- Ons was daar.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1052.

MNR. HANEKOM/..

MNR. HANEKOM: Wat is die slagspreuk wat die skare daar skree en wys na die polisiestasie se kant toe? Het u geluister? -- Ek het nie geluister nie.

HOF: Speel 'n bietjie terug dat u dit kan hoor. (Videoband word gespeel - stop.)

MNR. HANEKOM: Dit klink asof hulle skree "inja". Weet u wat dit beteken? -- Dit beteken hond.

Dan word daar beduie in die rigting van die polisiestasie.

HOF: Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1067. -- Daar word die slagspreuk van Tambo weer gespeel.

Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1072.

MR BIZOS: This appears to be a group of people on a bakkie that is shouting this...

COURT: On the back of the bakkie looking back towards the ...

MR BIZOS: Towards the cortêge.

MNR. HANEKOM: Kan u die geel T-hempie van die persoon met die wit pet op herken? -- Ek kan hom nie herken nie. Ek weet nie watse T-hempie dit is nie, aangesien ek hom van die agterkant af sien.

HOF: Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1089. -- Die gedeelte wat ons nou na kyk is waar hulle klaar weggedraai het vanaf die ou Potchefstroom-pad. Hulle is nou op pad na die begraafplaas toe.

Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1108. -- Die groen T-hemp wat ons daar sien is die T-hemp van die South African Allied Workers' Union, SAAWU.

Een van die draers van die kis? -- Dit is reg.

Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1113.

MNR. HANEKOM: Is dit reg dat die draer agter die draer met die SAAWU-T-hemp het 'n COSAS-T-hemp aan? (Tussenbeide)

HOF: Ja, daar is 'n COSAS-T-hemp net agter die SAAWU-T-hemp, wat ook 'n draer is. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1200.

MNR. HANEKOM/...

MNR. HANEKOM: U Edele, kan ons net notuleer dat op hierdie stadium is die persoon wat links voor dra met die AZASO-T-hemp die een wat die leiding gee vir die singery en die slagspreuke.

HOF: Ja. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1207. -- Dit is die gedeelte van die Avalon-begraafplaas.

MR BIZOS: My Lord, perhaps - Your Lordship came back and I thought I would leave it because I did not know what was coming. Your Lordship saw five banners leading the procession. The earlier one that we had with the AK47, did not appear to be ...

COURT: It was not one of those. The last one in the line was the College of Education - Soweto College of Education one and I think a number of the others were COSAS ones.

MR BIZOS: COSAS and AZASO I think, but certainly not the one with the AK47.

COURT: No, the AK47 was not one of the banners in front of the cortège. (Video tape is played - stop.)

MR BIZOS: And then also, My Lord, as we came near to the cemetery, there appeared to be fairly good control of the crowd by marshals as distinct from the lack of control that there had been earlier on.

COURT: Yes, it did not appear as if the crowd were running amuck at the cemetery.

MR BIZOS: Or as they are approaching the cemetery. Your Lordship will recall for some distance before they were going to the cemetery there were marshals ..

COURT: There where they were passing the barbed wire.

MR BIZOS: Yes, but the marshals appear to have come back into control of the situation.

COURT: Yes. (Video tape is played - stop.) No. 1241. -- Kan ons net op rekord kry dat hulle weer die vryheidslied sing wat verwys na Umkhonto we Sizwe.

(Videoband/...

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1261. Daardie groen T-hempie wat ons daar sien, watse T-hempie is dit? Die man wat nou met sy hand in die lug staan? -- Hy is aan my onbekend. Ek kan nie uitmaak nie.

(Videoband word teruggespeel - stop.) Nr. 1260. -- Ons kan net sê dat die man wat vroeër die kis gedra het en voorgesing het hier by die graf weer voorsing en ...

Dit is nou die man met die AZASO-hemp? -- Met die AZASO-T-hemp.

Speel voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1304. -- Ons kan dalk weer net op rekord plaas dat dit Sephiwe Tose is wat na Oliver Tambo verwys en slagspreuke skree.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1524.

MNR. HANEKOM: Kan ons net op rekord plaas dat die voorsanger op hierdie stadium is weer 'n persoon met 'n AZASO-T-hemp.

HOF: Dit is dieselfde persoon wat die kis gedra het en ook laas voorgesing het. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1609. -- Dit is die posisie van waar ons die verrigtinge by die begraafplaas self dopgehou het.

Het u op een van daardie vragmotors of wat dit ook al is .. -- Dit is korrek.

MNR. HANEKOM: Het van die polisiebeamptes wat daar observasie gehou het verkykers gebruik ook? -- Ja, u sal sien dat die een wat reg voor op die voertuig staan, hy het 'n verkyker waarmee hy na die verrigtinge kyk.

Het uself die verrigtinge met 'n verkyker dopgehou? Het u-self 'n verkyker gebruik? -- Nie by hierdie geleentheid nie, maar by die geleentheid by Marokka-polisiestasie.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1665. -- Dit is na die verrigtinge by die begraafplaas en u sal nou sien waarna ek verwys het toe ek gesê het die voorvalle van klipgooiery en so.

HOF: Nou kom dit hierna? -- Dit kom nou.

(Videoband word gespeel - stop.)

MR BIZOS: My Lord, will Your Lordship note that immediately before this there was an interruption?

COURT: Do you mean before 1665?

MR BIZOS: Before 1665.

COURT: Yes, the scene changes from the cemetery to the street and the street may be far away, I do not know.

MR BIZOS: Yes, this may be, My Lord, but even whilst the video is rolling ...

COURT: As far as the street is concerned?

MR BIZOS: As far as the street is concerned, there is no image for a short while.

HOF: Speel dit net 'n bietjie terug. Here there is no image where we are here. (Video word teruggespeel - stop.) Do you mean just before this?

MR BIZOS: Just before that, My Lord.

COURT: Yes, where are we now? Ons is nou by 1665?

MR BIZOS: There was an interruption.

COURT: Yes, I did note that.

MR BIZOS: And we are instructed that the haze that appears on the screen is as a result of tear-gas, already having been thrown.

HOF: Wat sê u daarvan? -- As u na die toneel kyk sal u sien dat die klippe reeds reën op daardie stadium. Speel hom net vir ons terug.

Ja, net so 'n oomblik. You will get your turn. I just want to do it now at this number because otherwise we have to come back to it. Die advokaat stel dat hierdie dowwigheid wat amper soos 'n rokerigheid lyk op die skerm, dat dit veroorsaak is deur traangas. Wat sê u daarvan? -- Ek sal nie kan sê nie. Daarso was ek nie self op die toneel gewees nie.

(Videoband/..

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1687.

MNR. HANEKOM: Die voertuie wat ons nou net gesien het, die wit bakkies wat gery het, is dit Suid-Afrikaanse Polisie-voertuie of watse voertuie is dit? -- Nee, dit is Wesrand Administrasie-voertuie.

HOF: En hierdie voertuig hier, wat doen hy? -- Daardie voertuig? Ek is nie seker of dit die niesmasjien of die traanrookmasjien is nie, maar hy is besig om een van die twee te gooi.

Wat is dit, 'n niesmasjien? -- 'n Niesmasjien of 'n traanrookmasjien, ek is nie seker nie.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1706.

MR BIZOS: My Lord, that there are voices being heard, but apparently there is no image.

COURT: There is no picture and voices are - the sound-track continues but the picture is gone. -- As ons hom dalk terugspeel sal ons sien dat die kamera laat sak word binne-in die kar.

Binne-in die kar? -- Dat hy afgesak word binne-in die kar, as ons hom net kan terugspeel.

Do you accept that, Mr Bizos? It may appear so.

MR BIZOS: Has the camera photographed itself?

COURT: No, no, it is inside, inside the vehicle.

MR BIZOS: Well, I did not see it, but if Your Lordship saw it, but I do not think a camera can photograph itself.

COURT: No, that is not what the witness says. He says the camera was lowered inside the vehicle so it was not taking outside pictures any more and it was in the dark.

Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1730. -- Daar kan ons duidelik sien dat die kamera binne-in die kar laat sak is.

Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Hoe lank moet ek nog na die vloer van daardie kar sit en kyk, mnr. Hanekom?

MNR. HANEKOM: Ongeveer 'n minuut.

HOF: Goed, kom ons kry dit nou klaar, is dit dan op die einde?

MNR. HANEKOM: Dit is dan op die einde.

HOF: Ja goed, speel maar tot ons klaar is met die vloer. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1751.

MNR. HANEKOM: Het u die insident wat ons nou sien waargeneem? -- Dit is korrek.

Wat het daar gebeur? -- Wat daar gebeur het, is die man wat daar lê het agterop 'n kolevragmotor gery en in die klipgooiery is die man raak gegooi en dit is van waar sy beserings.

(Videoband word gespeel - stop.) Dit is die einde.

HOF: Nr. 1770 is die einde van hierdie band. Sal u die band uithaal en aan die ordonnans oorhandig. Is hy behoorlik gemerk?

MNR. HANEKOM: Hy is gemerk.

HOF: Nou wil ek u net 'n ding vra, hierdie oorledene, hoe het hy aan sy dood gekom? -- Die oorledene het gesterf as gevolg van die feit - die polisie het hom geskiet nadat hy 'n petrolbom na 'n polisievoertuig geslinger het.

MR BIZOS: Is the witness purporting to have personal knowledge of the fact that he was throwing a petrol bomb?

COURT: You can ask him just now, Mr Bizos.

MNR. HANEKOM: Gee die video, die snitte wat ons wel gesien het, 'n getroue weergawe van wat die dag by die begrafnis gebeur het? -- Dit is korrek.

In die tydperk waaroor u getuienis vanoggend gestrek het, van Augustus 1984 tot begin 1985, wat was die veiligheidstoestand, situasie, in Soweto gewees, in die area? -- Die situasie in Soweto self was redelik gespanne en verskeie voorvalle van geweld, klipgooiery, brandstigting, ensovoorts, het voorgekom.

Die organisasies wie se name ter sprake gekom het, ons neem eers COSAS, was die organisasie in u area aktief in die

tydperk/..

tydperk? -- Dit is korrek.

HOF: As u nou praat van u area, is dit nou die hele Soweto? -- Die hele Soweto.

MNR. HANEKOM: Het hulle gereeld vergaderings gehou? -- Daar is gereeld vergaderings.

En die organisasie SOYCO? -- Ja, hy was ook aktief gewees.

AZASO? -- AZASO net so.

Soweto Civic Association? -- Die Soweto Civic Association ..

Was hy aktief? -- Die Soweto Civic Association was net so aktief en het dikwels geskakel- as gevolg van die feit dat hulle na die Swart-onderwyskrisis begin kyk het, met die ander organisasies geskakel.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS: Ek wil een van u laaste antwoorde aan u stel, dat dit is 'n getroue weergawe van wat gebeur het. Daardie antwoord kan nie reg wees nie omdat u weet nie of dit nou 'n korrekte weergawe van die gebeurtenis is of nie, is dit nie so nie? -- Verwys u na die video waarna ons gekyk het?

Ja. Dit is wat u antwoord beteken het. Alles wat op die video voorgekom het, is 'n korrekte weergawe van wat gebeur het. -- Ek gee toe toe dat dit nie 'n heeltemal korrekte weergawe is omdat daar snitte is wat uitgelaat is, maar ons kan aanneem dat dit 'n redelik korrekte weergawe van die gebeure is omdat die video deur 'n Duitse televisiespan gemaak is wat vir propaganda in die buiteland gebruik word waarvan ons almal kennis dra.

Is daar enige ander rede waarom u sê dat dit 'n korrekte weergawe is? Wil u enige ander rede daar byvoeg? -- Ja, omdat ekself ook op die toneel was en omdat ek baie van die snitte wat ons gesien het self waargeneem het ook.

Terwyl die mense besig was in die Regina Mundi Kerk, waar was u? -- By Marokka-polisiestasie.

Sal u saamstem dat Marokka-polisiestasie ongeveer een en 'n

halwe/..

halwe kilometer van die kerk weg is? -- Negatief, omtrent 600 meter.

In elk geval, u kan nie van die polisiestasie binne die kerk sien nie. -- Dit is positief.

Kan u sê hoeveel mense binne die kerk gepraat het? -- Negatief. Nie uit my eie waarneming kan ek nie sê nie.

Ja, dit is al wat ons interesseer. Dra u persoonlike kennis van die omstandighede van die dood van die oorledene? -- Dit is korrek.

U persoonlik? -- Persoonlik.

Was u teenwoordig toe hy doodgeskiet was? -- Ek was nie teenwoordig toe hy doodgeskiet is nie, maar ek kan net met u meld dat ek met die ouers geskakel het voor die begrafnis om ...

Ja, luister na die vraag ...

HOF: Wil u nou nog iets sê? U moet u sinne voltooi of nie voltooi nie. Moenie halfpad ophou nie. U het met die ouers geskakel voor die begrafnis. -- Voor die begrafnis om vas te stel wat die begrafnisreëlings sou wees.

MNR. BIZOS: Die vraag was of u persoonlike kennis het van die omstandighede van die dood van die oorledene. U was nie teenwoordig nie. -- Ek was nie teenwoordig by sy ... (tussenbeide)

En u kan nie sê hoe en vir watter rede hy doodgeskiet was nie. -- Weens die feit dat ek nie self teenwoordig was nie, kan ek nie vir u sê dat dit die oorsaak van sy dood was nie, maar as gevolg van rapporte en ...

Ja, ons is nie in rapporte geïnteresseerd nie. Die vraag is of u van u eie kennis enige kennis het van die .. -- Negatief.

.. omstandighede van die dood van die oorledene. -- Negatief.

Die bewering wat deur die polisie wat hom doodgeskiet het - was dat hy besig was om 'n petrolbom te gooi. -- Dit is korrek.

Dit was die bewering, is dit korrek? -- Dit is korrek.

Die bewering van sy maats en die ander mense wat daar

teenwoordig/..

teenwoordig was toe hy doodgeskiet is, het dit ooreengestem met die bewering van die polisie of was dit anders? -- Ek het nie met van die mense self gepraat nie.

Weet u, of dit nou korrek of inkorrek is, miskien u en ek kan nie sê nie, maar weet u of die persepsie in Soweto was dat hy sonder regverdige rede doodgeskiet is? -- Ek weet dat die gerugte die rondte gedoen het, ja.

En as gevolg daarvan die jongmense van Soweto was baie kwaad dat een van die leiers van die jeug van Soweto doodgeskiet was deur die polisie. -- Dit is korrek.

En in die algemeen dit is nie aanvaar deur die jongmense en baie ander in Soweto dat die oorledene 'n petrolbom probeer gooi het nie. -- Dit is korrek.

U was nie binne die kerk nie, is u in staat om te erken of te ontken dat daar was groepies jongmense wat binne die kerk gekom het met hulle eie baniere om die begrafnis by te woon? -- U maak die stelling dat individue met hulle eie baniere aangekom het by die begrafnis?

Groepies. -- Groepies?

Groepies mense met hulle eie baniere, na die begrafnis gekom om teenwoordig te wees gedurende die begrafnis. -- Ek kan met u saamstem.

U kan nie? -- Ek kan met u saamstem.

Indien daar was wel organisasies wat hulle baniere daar gestuur het, want daar was ook baniere wat nie aan een of ander organisasie of bekende organisasie behoort het nie. -- Ek kan tot 'n sekere mate met u saamstem, maar ek wil van u verskil in dié sin dat baie van die baniere deur mense vertoon was met die onderskeie organisasies se T-hemde aan.

Daar was COSAS en daar was Release Mandela Komitee en andere, maar was daar ook baniere van geen afsonderlike

identifiseerbare/..

identifiseerbare organisasie? -- Dit is korrek.

Kon u die baniere van die polisiestasie sien? -- Met die verkyker, ja.

Het u u verkyker gebruik? -- Dit is korrek, ja.

Was daar enige identifikasie om die baniere wat die AK47 aan was geïdentifiseer? -- Daar was geen geskrif op die banier self watter organisasie dit uitgebeeld het nie, maar wel dat van die mense, verskeie mense met verskillende T-hemde die ding gedra het en hulle self geassosieer het met die ..

Wel, miskien, maar weet u wie dit na die Regina Mundi gebring het? -- Negatief.

Weet u wat daarvan geword het? -- Negatief.

Is die banier saam met die ander baniere buite die kerk geneem en op pad na die begraafplaas gebruik of nie? -- Sover my kennis strek is hy nie op die pad na die begraafplaas gebruik nie, maar wel binne-in die saal.

HOF: Ekskuus? -- Maar wel binne-in die saal is hy gebruik soos ons almal gesien het.

MNR. BIZOS: Met u verkykers, het u gesien of die banier buite die kerk geneem is, het u dit gesien buite die kerk? -- Ek het dit nie buitekant die kerk gesien nie.

Ek wil vir u vra wat met die video gebeur het na dit weg van die kameraman geneem is. -- Ek dra geen kennis nie.

Is hy gearresteer? -- Ek dra nie kennis nie. Ek het net die man, die twee persone wat in die voertuig was, met hulle voertuig by die polisiestasie gesien en ek dra nie kennis wat van hulle geword het nie.

Het u met hom gepraat? -- Negatief.

Weet u van u eie kennis wie wel die kameraman was? -- Negatief.

In wie se besit is die video oorhandig? -- Soos ek vir u

reeds/..

reeds gesê het, ek was nie by die beslaglegging gewees nie.

Is u in staat om die Hof te verseker dat die video is in dieselfde toestand as wat dit was toe dit beslag gelê was? -- Soos ek vir u reeds gesê het ek het nie die video gehanteer, op geen stadium nie. Ek was nie by die beslaglegging gewees nie. Ek weet nie wat van die video geword het nadat daar op hom beslag gelê is nie.

Hoekom beskou u die video as propagandamateriaal? -- Vir watter ander deel sou die Duitse televisiespan dit gevat het, geneem het?

Miskien om 'n ware beeld aan die mense van Duitsland te wys. -- Is dit nie propaganda nie?

Wat bedoel u met propaganda? -- Presies wat u gesê het om die beeld na buite te dra, die beeld van Suid-Afrika na buite te dra, is dit nie propaganda nie?

Om 'n deel van die waarheid te wys. -- Is dit nie propaganda nie?

Is dit wat u bedoel het? -- Dit is wat ek bedoel.

Was u teenwoordig toe die traangas vir die heel eerste keer gebruik was? -- Negatief. Ek kan net aan u noem dat dit die taak van die onluste-eenheid is en dat ons ons nie daarmee bemoei nie.

In elk geval u was nie in die nabyheid van die plek waar die onluste-tak traangas gebruik het nie? -- Negatief.

Weet u in watter deel van die dorp dit gebruik was? -- Na aanleiding van die video herken ek die gedeelte as 'n gedeelte van Chivelo naby die Avalon-begraafplaas.

Hoe ver van die begraafplaas af? -- Ek sou sê seker omtrent so 'n kilometer van die begraafplaas af.

Is dit 'n woonbuurt? -- Dit is 'n woonbuurt.

Het u enige ondervinding van traangas? -- Dit is reg.

Stem u/..

Stem u saam dat traangas raak mense wat nie noodwendig aan enige optog deelneem nie? -- Noodgedwonge, ja.

As daar wel 'n klipgooiery begin het, weet u of die klipgooiery voor of na die traanrook gebruik was? -- Negatief. Ek het vir u gesê ek was nie by die traangas nie.

Dra u kennis dat gewoonweg as traanrook gebruik is, mense wat daardeur geraak is gewoonweg klippe optel en hulle teen die polisie gooi? -- Dit is 'n verskynsel wat redelik dikwels voorkom.

En die klipgooiery is nie noodwendig gedoen deur die mense wat aan die optog deelgeneem het nie, maar van die - ons sal hulle vir die doeleindes, onskuldige mense - wat deur die traanrook getref was. -- Ek kan nie sien hoekom die polisie in die eerste plek traanrook op onskuldige mense wat niks met die saak te doen hetsal vuur nie.

Ja wel, u het nie al die getuienis in die saak gehoor nie, maar in elk geval kan u sê of die aantal mense wat ons op die video gesien het, suid van die pad met 'n emmer daar wat seer sekerlik water daarin was, hulle besig was om hulle gesig te was? Kan u dit onthou? -- Ek kan dit onthou, ja.

Het hulle aan u soos volwassenes gelyk? Ouer as 25 jaar. -- Van hulle wel, ja.

Was u teenwoordig toe die persoon wat op die grond gelê het en waarskynlik beseer was, weet u van u eie kennis hoe hy beseer was? -- Negatief. Ek het die inligting - as gevolg van situasierapporte het ek die inligting bekom.

Weet u of die kameraman, die betrokke kameraman, miskien op die video of op 'n ander video die begin van die gebruik van traanrook en die begin van die klipgooiery geneem het of nie? -- Negatief, ek dra nie kennis nie. Volgens my kennis is dit die enigste video.

Ek wil/..

Ek wil u vra weet u of dr. Motlana en of ander leiers van die gemeenskap van Soweto probeer het om by die begrafnis by die kerk te praat? -- Negatief, ek dra nie kennis nie.

Die persoon of persone wat in beheer van die begrafnis was, hulle die reg geweier het om te praat? -- Negatief, ek dra nie kennis nie.

HOF: Die persone wat in beheer was van die begrafnis?

MNR. BIZOS: Persoon of persone. Well, My Lord, I do not want to put it too specifically because I haven't got a specific instruction. What I mean by that is that the persons in control, not necessarily the persons who originally were to hold it.

COURT: Yes.

MNR. BIZOS: U dra geen kennis daarvan nie? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

Sal u saamstem dat gedurende die reis van die kerk af na die begraafplaas daar was blykbaar geen volwasse persone nie? Ons bedoel by volwasse nie jeugdiges, van 55 jaar oud en jonger.

HOF: Wel ons het Tose gehad daar wat hy sê 'n ent in die dertig oud is en hy was die leier van die groep.

MNR. BIZOS: Wie is hy?

HOF: Sephiwe Tose.

MNR. BIZOS: Is hy so oud as 30? -- Ja, hy is in sy ...

Ons sal na hom kom. Behalwe mnr. Tose, is daar enige ander volwasse persone? -- Nie wat ek herken het nie.

Of gesien het. Nou, die mnr. Tose, weet u of hy 'n lid van enige organisasie is? -- Ja, positief.

Aan watter organisasie behoort hy? -- Aan SOYCO, die Soweto Youth Congress.

Is hy net 'n lid of is hy 'n lid van die komitee of dra u nie kennis nie? -- Hy was op 'n stadium 'n lid van die uitvoerende bestuur waarna hy geskors is.

Geskors/..

Geskors is? Wanneer was dit? -- Ek kan nie die presiese datum onthou nie.

Voor of na die begrafnis? -- Dit was - as my geheue my nie in die steek laat nie, voor die begrafnis.

Ken u hom goed? -- Ek ken hom goed.

Sal u saamstem dat hy is 'n persoon wat as daar 'n televisie-kamera by 'n plek is, dit is seer seker dat mnr. Tose sal ook daar wees? -- Soos met meeste van die ander, ja.

HOF: Is hy in die hof?

MNR. BIZOS: Nee. (Lag.) Ek weet nie of hy in die hof is nie, maar hy is 'n persoon ...

HOF: Wat sê u, is hy 'n persoon wat daarvan hou om publisiteit te kry waar daar videokameras is? -- Ek sou sê hy is 'n man wat hou van publisiteit, om sy beeld in SOYCO te herstel.

MNR. BIZOS: Hy is 'n persoon wat u daar kon uitsonder? -- Dit is reg.

Kan u vir ons sê, asseblief wie die lede van die Committee of Concern, Soweto was toe BEWYSSTUK AAW1 versprei was?

HOF: Net 'n oomblik, is dit Concern Soweto?

MNR. BIZOS: Ja, dit is wat dit sê. Committee of Concern, Soweto. Wie was die lede van daardie komitee, weet u? -- Ek ken nie die hele komitee nie, maar uit die aard van my werk en uit die aard van inligting wat ontvang is, is inligting oorgedra, vertroulike inligting oorgedra.

Kan u sê van u eie kennis wie die lede van die komitee is? -- Negatief.

Negatief? -- Negatief.

Weet u van u eie kennis wie die lede van die Soweto Parents' Committee is wat blykbaar BEWYSSTUK AAW4 uitgereik het? -- Negatief.

Weet u wie op die komitee van AZASUM, wat voorkom op

BEWYSSTUK AAW3/..

BEWYSSTUK AAW3, was in Oktober 1984? Van u eie kennis. -- Uit my eie kennis, ja. Ek kan net noem dat Thami Mcerwa op daardie stadium die president..

HOF: Wie? -- Thami Mcerwa op daardie stadium ...

Gee my net die naam, asseblief. -- Thami Mcerwa ..

Dit is die een wat u al gegee het. Mcerwa, ja. --Dit is reg.

Is dit al wat u weet of nog een? .-- Ja, hy was op daardie stadium die president van AZASUM.

MNR. BIZOS: Was hy die president of die onder-president?-- Hy was die president van AZASUM.

Weet u of AZASUM aan die UDF geaffilieer was of nie? -- Negatief.

U weet nie? -- Hy is nie geaffilieer tot die UDF nie.

Ek wil 'n deel van die getuienis deurgaan. Kan u sê hoeveel vergaderings die Soweto Civic Association gehou het gedurende September, Oktober 1984? -- Ek kan nie so uit die vuis uit sê hoeveel hulle gehou het nie.

Wat het u bedoel dat hulle aktief was? Wat het u daarmee bedoel? -- Dat hulle wel vergaderings gehou het.

Vergaderings? Watse vergaderings? -- Verskillende takvergaderings en die Soweto Civic Association ...

Watter vergaderings, waar? Wie was daar?

HOF: U het nou die getuie onderbreek. Het verskeie takvergaderings gehou en wat nog? -- En Soweto Civic Association-vergaderings oor die algemeen, die ..

Openbare vergaderings? -- Waar die verskillende takke verteenwoordig was, as u verstaan - algemene vergaderings.

MNR. BIZOS: Maar dra u .. -- Ek kan net aan u probeer verduidelik dat Soweto is opgedeel, soos u reeds agtergekom het, in verskillende woongebiede en dat elke - of dat verskillende

woongebiede/..

woongebiede hulle eie takke het.

Wat ek u wil vra is of u enige persoonlike kennis het van enige vergadering van die Civic Association, uself? -- Daar het wel - ek dra nie persoonlik kennis van eniges wat gehou is nie, maar ...

Of van 'n tak of van die komitee van tien. (Tussenbeide)

HOF: Net so 'n oomblik, u sê maar, maak u sin klaar. As die advokaat u in die rede val dan gaan u netnou met die res van die sin voort. Ek wil nie halwe antwoorde hê nie. U sê u dra nie kennis van 'n vergadering nie, maar. Maar wat? -- Ons kan vir u statistieke voorlê as u dit wil hê.

MNR. BIZOS: Die vraag is of u enige persoonlike kennis van enige vergaderings van die Civic Association van Soweto het of nie. -- Ek het vir u reeds gesê dat ek kennis dra dat daar gehou is, maar ek weet nie hoeveel nie en ek weet nie waar nie.

Sal u saamstem dat ouers van skoliere baie bekommerd was oor die onderwys van hulle kinders te Soweto gedurende die tydperk? -- Positief.

Dra u persoonlike kennis van enige komiteevergaderings of algemene vergaderings wat deur die komitees gehou was of nie?

HOF: Watter een bedoel u nou, mnr. Bizos?

MNR. BIZOS: Van die Parents' Committees.

HOF: Parents' Committees?

MNR. BIZOS: Ja, of Committee of Concern. Dra u persoonlike kennis van enige van hulle vergaderings? -- Ek dra slegs kennis van die een wat op die pamflet geadverteer is, 2 Desember, in die Rooms Katolieke Kerk in Phiri.

Is u kennis beperk tot die feit dat daar wel 'n pamflet was wat die vergadering geroep het? -- Negatief. As gevolg van terugvoer wat ons gekry het.

Was u persoonlik daar by die vergadering? -- Negatief.

U weet/..

U weet nie wat daar gebeur het nie? -- Uit persoonlike kennis, nee.

Ekskuus, uit? -- Uit persoonlike kennis en waarneming, nee.

Weet u wanneer een of ander van die organisasies in Soweto - weet u wanneer die Soweto Civic Association gevorm was of nie? -- Ek kan nie vir u die presiese datum gee nie.

Of die jaar. -- Dit was om en by 1982.

Is u seker daarvan? -- Ek is nie doodseker nie.

Het u ooit van die Komitee van Tien gehoor? -- Dit is reg.

Wanneer was dit gevorm, weet u? -- Negatief.

Is u in staat om te erken of te ontken dat die Soweto Civic Association van 1980 bestaan? -- Ek sal dit nie ontken nie.

Weet u hoeveel lede COSAS te Soweto gehad het? -- Dit is onmoontlik om te kan sê.

Word COSAS-hempies verkoop? -- Nie op die huidige stadium nie.

Nie op die huidige stadium nie, jammer. Was COSAS-hempies verkoop.

HOF: In watter tyd, mnr. Bizos?

MNR. BIZOS: Voor '85. -- Ja, positief.

By die hekke van sokkerstadions? -- Nie sover my kennis strek nie.

Wel, is u in staat om dit te ontken? -- Ek is nie in staat om dit te ontken nie. Miskien het u meer inligting daaroor.

Te erken of te ontken. -- Nee.

Of by ander plekke waar die publiek saamkom. -- Negatief. Ek kan dit nie ontken nie, maar ek betwyfel dit.

U kan nie sê of by die kerke of by vergaderings waar persone of lede van die publiek saamkom nie? U kan nie sê nie? -- Ek kan nie sê nie.

As I have indicated to Your Lordship, we were not really

expecting this witness and I have many little notes here which I have not had an opportunity to control or to properly speak to the accused about, any outstanding matters. May I ask Your Lordship for a short adjournment. I will try and finish this witness before the long adjournment.

COURT ADJOURNS. COURT RESUMES

FREDERIK BARNARD MONG (Nog onder eed)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS: Mnr. Mong, u het in u hoofgetuienis gesê in verband met die organisasie wat op BEWYSSTUK AAW1 voorkom, die Committee of Concern, dat daar 'n krisis in die onderwys was en dit bestaan van mense wat ook in die Soweto Civic Association betrokke is. Het ek u hoofgetuienis reg verstaan? -- Kan u u net self herhaal, asseblief.

Weet u van u eie kennis van enige gebeurtenis tussen die Soweto Civic Association en die Committee of Concern, Soweto? Weet u wat die verband is? As u nie weet nie u kan so sê? -- Nee, ek weet nie wat die verband is nie.

Omdat ek wil aan u stel dat ten minste twee lede van die Soweto Civic Association uitvoerende komitee wat hier by die hof is, sê dat hulle dra geen kennis van die organisasie wat op AAW1 voorkom nie. U is nie in staat om dit te erken of te ontken nie? (Tussenbeide)

HOF: U praat nou van AAW1. Die getuie het nie die dokument by hom nie, dus hy weet glad nie waarvan u praat eintlik nie. Onderaan die dokument staan "Issued by the Committee of Concern, Soweto." -- Dit is reg.

Nou sê die advokaat vir u dat twee lede van die Sowet Civic Association se uitvoerende komitee is hier by die hof en hulle weet daar niks van nie. Hulle ken nie eers daardie komitee nie. Wat sê u daarvan? -- Ek kan dit nie erken of ontken nie. Ek kan...

MNR. BIZOS: Ja, goed. In verband met die gebeurtenis van 12 September 1984 toe u vir ons gesê het twee van die persone wat in die groep was, Thami Mcerwa en Stanley Sigotjane. Is die twee persone gearresteer? -- Negatief.

Het u enige skriftelike verklaring gemaak teen hulle, persone wat aan u welbekend was, dat hulle besig was om klippe te gooi? -- Positief.

Het u 'n verklaring gemaak? -- Dit is reg.

Is hulle aangekla? -- Ek dra nie kennis nie.

Is u ooit gevra om getuienis teen hulle te gee? -- Negatief.

U het ook melding gemaak van die drie Swartvrouens wat gearresteer was. Weet u wie hulle is? -- Ek kan nie hulle name onthou nie.

Weet u of hulle aangekla was? -- Hulle was - nee, hulle was nie aangekla gewees nie.

En u weet nie die redes waarom een of ander van die vyf persone, dit wil sê die twee wat aan u welbekend was en die drie wat wel gearresteer was, waarom hulle nie aangekla was nie? -- Negatief.

In verband met die gebeurtenis van 3 Oktober, was u by die COSAS-vergadering of nie? -- U verwys nou na die een by die Methodist Youth Centre?

Ja. Was u by die vergadering? -- Dit is korrek. Ons het observasie gehou.

Was u by die vergadering? U weet .. (tussenbeide)

HOF: Die advokaat bedoel was u binne-in die gebou. -- Negatief.

MNR. BIZOS: U was nie by die vergadering nie? -- Negatief.

Waarvan het u observasie gehou? -- Vanaf 'n oop stuk veld langs die kerk.

Hoe ver van die kerk af? -- Ongeveer 200 meter.

Is enige persoon in verband met die gebeurtenis gearresteer? -- Dit is korrek, dertien.

Wat het van hulle geword? -- Ek dra nie kennis nie.

Kan u enige van daardie persone identifiseer? -- Negatief.

Kan u sê of een of ander van die dertien persone 'n lid van enige organisasie was of nie? -- Negatief.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM: Sersant, dra u kennis waarom mnr. Tose geskors is uit SOYCO? -- Negatief.

U het getuig oor die organisasie bekend as AZASUM, Azanian Students' Movement. Is dit die studente-organisasie van 'n ander organisasie? -- Dit is korrek.

Van watter organisasie? -- Van AZAPO, die Azanian People's Organisation.

En op 'n vraag van My Geleerde Vriend het u toegegee dat die ouers van die Swartkinders in Soweto ongelukkig was oor die onderwys van die kinders. Wat bedoel u daarmee? Met watter aspek van die onderwys was die ouers ongelukkig of weet u nie? -- Dit is die krisis wat rondom die sogenaamde "Gutter Education, Bantu Education" ontstaan het.

Weet u wat was die ouers se houding oor die skole wat geboikot was? -- Daar was uiteenlopende houdings gewees.

En die ontevredenheid wat u sê wat daar by die ouers was oor die sogenaamde "Gutter Education", was dit 'n algemene gevoel of was dit ook 'n gevoel van sekere van die ouers? -- Dit was 'n gevoel van sekere van die ouers.

Op heelwat vrae van My Geleerde Vriend of u persoonlik kennis dra van vergaderings van die organisasies wat in Soweto gehou is, het u gesê u dra nie persoonlike kennis nie, maar was daar 'n gebruik dat u bronne gebruik het om die vergaderings by te woon wat agterna aan u verslag gedoen het? -- Dit is korrek.

Is dit/..

Is dit hoe u kennis dra van die vergaderings? -- Dit is korrek.

Dit is al, dankie.

ASSESSOR (PROF. JOUBERT): Sersant, in BEWYSSTUK AAW2, kan u miskien net inlig hier, dit is die stuk wat handel oor COSAS en AZAPO word hier voorop gedruk, op bladsy 2, die teks daar, word verwys na SRC. Ek dink ek kan aanneem dit is Students' Representative Council, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Studentekomitee, wat presies is die PRC? Is dit Parents' Representative Committe of Council of wat? Daar staan in die tweede sin, derde sin "These struggles further affirm our opposition to the age limit regulations, forged(?) PRC's, uncontrolled corporal punishment, et cetera." Wat is die PRC's? Het u ervaring waarvoor dit staan? -- Ek lei af dit is die prefeksisteem wat ...

Die prefeksisteem? -- Dit isreg.

Dit is nie 'n "Parents' .." -- Nee, ek lei af dit is die prefekte se sisteem.

En dan wil ek u net vra om my geheue te verfris daar. Volgens die videoband wat ons gesien het, na afloop van die begrafnis, toe die mense besig was om terug te keer het 'n mens kort daarna vir die eerste maal polisievoertuie daar op die beeld gesien, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Was daar enige voorvalle op pad, toe die mense die graf verlaat het op pad terug? -- In die begraafplaas self nie.

Daar het nie gewelddadige voorvalle of iets dergeliks plaasgevind nie? -- Nie in die begraafplaas self nie, nee.

Op watter perseel het die polisievoertuie gestaan? -- Soos ek aan u ...

Dit was nie by 'n polisiekantoor of iets nie, was dit op 'n private perseel? -- Negatief. Dit was in die veld gewees.

In die/..

In die veld? -- Dit is korrek.

Is daar nie 'n gebou daar agter nie? -- Dit is 'n gebou - dit is 'n gedeelte van die begraafplaas, en agter dit is Eldorado Park geleë.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS: Geen vrae.

MR BIZOS: My Lord, I am instructed, despite this witness's evidence, that PRC is Pupils' Representative Council.

COURT: Well, in the document itself it says the prefect system or PRC's.

GEEN VERDÉRE VRAE

GETUIE WORD VERSKOON.

HOF VERDAAG VIR MIDDAGETE. HOF HERVAT.

K301 MR BIZOS: My Lord, I had no instructions before the adjournment and before the witness was excused, in relation to who was responsible for the printing of the T shirts with the deceased's picture. Now, I did not challenge the witness, even whether it was hearsay or not whether his - but he did say that he thought or may have said positively that COSAS was responsible. I have no received instructions that that was not correct. What I am going to ask Your Lordship ...

COURT: Did he say it was COSAS that printed it? I doubt it.

MR BIZOS: Or that caused it to be printed or something like that.

COURT: No, I do not think he said so. What is your note?

MR BIZOS: My Lord, I was relying on my memory and I thought that I should check it during ...

COURT: No, it was in connection with COSAS, but we were speaking parallel of the COSAS T shirt and of that T shirt.

MR BIZOS: My Lord, may I suggest merely that what I have now - be placed on record as being placed on record. If anything turns on it we can either do it by way of admission or possibly lead some evidence because my instructions are that there are - people

who/..

who make T shirts look out for events which may promote sales and it may be just that.

COURT: Yes, I have note that, Mr Bizos.

Ja, mnr. Fick?

MNR. FICK: U Edele, die volgende getuie wat die Staat wil roep wil die Staat aansoek doen dat hy in camera getuig. Ek vra dat die Hof vir die doel ontruim word.

COURT: Yes, the court is to be cleared as this application to enable me to decide whether the matter is to be heard in camera - the application itself is in any event to be made in camera. (10)

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**


## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**



## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


## *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I1-12-96**
*Document Title:-* **Vol 96 p 4645-4695. Witness: Mong**